# MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK

Toegewy aan Gehaltesorg

Reg. No. 1983/010725/06 Aandeelkode: MDC ISIN-kode: ZAE000004370
("Medi-Clinic" – Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

## TUSSENTYDSE VERSLAG en omsigtigheidsaankondiging

Ongeouditeerde resultate van Medi-Clinic Korporasie Beperk en sy filiale vir die ses maande geëindig 30 September 2003

## HOOFTREKKE

- **Groei in hospitaalomset: .......... 29%**
- **Wesensverdienste per aandeel groei: .......... 23%**
- **Verdeling per aandeel styg: .......... 23%**

### GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | 6 maande tot 30/09/03 R'000 | Styging % | 6 maande tot 30/09/02 R'000 | Jaar tot 31/03/03 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **1 779 005** | 29 | 1 378 416 | 2 924 229 |
| Koste van verkope | **(1 011 498)** | | (798 832) | (1 694 980) |
| Administrasie- en ander bedryfskoste | **(420 511)** | | (306 157) | (658 744) |
| **Bedryfsinkomste** | **346 996** | 27 | 273 427 | 570 505 |
| Rente ontvang | **24 344** | | 17 827 | 42 650 |
| Inkomste vanaf geassosieerdes | **8 298** | | 9 092 | 18 678 |
| Wins met verkoop van toerusting | **293** | | 194 | 314 |
| Amortisasie van klandisiewaarde | **(1 816)** | | (660) | (1 997) |
| Waardevermindering | **(47 459)** | | (34 490) | (74 180) |
| Finansieringskoste | **(14 853)** | | (3 942) | (16 034) |
| Netto inkomste voor belasting | **315 803** | | 261 448 | 539 936 |
| Belasting | **85 746** | | 71 912 | 145 102 |
| Netto inkomste na belasting | **230 057** | | 189 536 | 394 834 |
| Minderheidsbelange | **18 027** | | 15 513 | 30 963 |
| Toeskryfbare verdienste | **212 030** | | 174 023 | 363 871 |
| **Wesensverdienste-rekonsiliasie:** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **212 030** | | 174 023 | 363 871 |
| Amortisasie van klandisiewaarde | **1 816** | | 660 | 1 997 |
| Wins met verkoop van toerusting | **(293)** | | (194) | (314) |
| Toeskryfbare wesensverdienste | **213 553** | 22 | 174 489 | 365 554 |
| **Wesensverdienste per gewone aandeel – sent** | **62,7** | 23 | 51,1 | 107,0 |
| Verdienste per gewone aandeel – sent | **62,3** | | 50,9 | 106,5 |
| Kapitaalverdeling per gewone aandeel – sent | | | | |
| Tussentyds | **11,9** | 23 | 9,7 | 9,7 |
| Finaal | **–** | | – | 23,3 |
| | **11,9** | | 9,7 | 33,0 |

### GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

| | 30/09/03 R'000 | 30/09/02 R'000 | 31/03/03 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Nie-bedryfsbates | **1 953 686** | 1 470 377 | 1 805 067 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 750 602** | 1 376 318 | 1 610 597 |
| Ontasbare bates | **36 212** | 16 860 | 35 964 |
| Beleggings – ongenoteerd | **94 849** | 19 790 | 92 505 |
| Uitgestelde belasting | **72 023** | 57 409 | 66 001 |
| Bedryfsbates | **955 195** | 777 197 | 890 735 |
| Voorraad | **140 876** | 104 838 | 139 462 |
| Debiteure en vooruitbetalings | **503 707** | 377 373 | 524 143 |
| Kontantmiddele | **310 612** | 294 986 | 227 130 |
| Totale bates | **2 908 881** | 2 247 574 | 2 695 802 |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | |
| Aandelekapitaal en reserwes | **2 051 402** | 1 771 328 | 1 917 276 |
| Minderheidsbelange | **174 460** | 79 741 | 172 010 |
| Langtermyn rentedraende skuld | **155 603** | 12 582 | 112 083 |
| Korttermyn rentedraende skuld | **82 064** | 26 433 | 66 618 |
| Rentevrye skuld en voorsienings | **445 352** | 357 490 | 427 815 |
| Totale ekwiteit en aanspreeklikhede | **2 908 881** | 2 247 574 | 2 695 802 |
| Aantal gewone aandele ('000) | **341 053** | 342 025 | 340 719 |
| Geweegde aantal gewone aandele ('000) | **340 496** | 341 569 | 341 627 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel – sent | **601** | 518 | 563 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | **132 595** | 90 374 | 127 043 |

### STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

| | 30/09/03 R'000 | 30/09/02 R'000 | 31/03/03 R'000 |
|---|---|---|---|
| Openingsaldo | **1 917 276** | 1 660 270 | 1 660 270 |
| Verdeel aan aandeelhouers | **(79 256)** | (66 586) | (99 731) |
| Netto inkomste | **212 030** | 174 023 | 363 871 |
| Beweging in aandele gehou in tesourie | **1 352** | 3 621 | (7 134) |
| | **2 051 402** | 1 771 328 | 1 917 276 |

### GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | 30/09/03 R'000 | 30/09/02 R'000 | 31/03/03 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **202 567** | 158 226 | 284 759 |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | **423 579** | 310 601 | 519 633 |
| Netto finansieringsinkomste | **9 491** | 13 885 | 26 616 |
| Belasting betaal | **(130 416)** | (89 194) | (143 109) |
| Kontantverdelings aan minderhede | **(20 831)** | (10 480) | (18 650) |
| Kapitaalverdelings aan aandeelhouers | **(79 256)** | (66 586) | (99 731) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(179 403)** | (56 386) | (275 676) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **60 318** | (15 301) | 9 600 |
| Netto beweging in kontantmiddele | **83 482** | 86 539 | 18 683 |
| Openingsaldo van kontantmiddele | **227 130** | 208 447 | 208 447 |
| Eindsaldo van kontantmiddele | **310 612** | 294 986 | 227 130 |

### KOMMENTAAR

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die groep sy patroon van bestendige groei voortgesit het.

Die groep se omset, wat uitsluitlik bestaan uit hospitaalgelde gehef, het gedurende die ses maande onder oorsig met 29% tot R1 779 miljoen (2002: R1 378 miljoen) gegroei, terwyl bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie met 27% tot R347 miljoen (2002: R273 miljoen) toegeneem het. Wesensverdienste het met 22% gestyg tot R214 miljoen (2002: R174 miljoen) terwyl die wesensverdienste per gewone aandeel met 23% verhoog het tot 62,7 sent (2002: 51,1 sent). Die interim kapitaalverdeling per gewone aandeel is 23% meer op 11,9 sent (2002: 9,7 sent).

Die groep se kapasiteit het gedurende die oorsigperiode verhoog as gevolg van die verkryging op 1 Desember 2002 van die Curamed Groep wat bestaan uit ongeveer 700 beddens. Die huidige periode se resultate is gevolglik nie direk vergelykbaar met die resultate van die vorige periode nie. Met uitsluiting van die toevoeging van Curamed, het die groep se omset met 14% toegeneem.

Die groep se marge van bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie het effens afgeneem van 19,8% tot 19,5% hoofsaaklik as gevolg van die oprigtingskoste van die nuwe Curamed Kloof Hospitaal in Pretoria wat in Junie 2003 geopen het, sowel as sekere eenmalige kostes wat op die Curamed transaksie gevolg het.

Die Curamed integrasie is afgehandel en voordele het reeds begin deurvloei. Die nuwe Curamed Kloof Hospitaal het alle verwagtinge oorskry met bedbesetting heelwat bo die aanvanklike begroting. Soos voorsien, beskik van die meer gevestigde hospitale in die Curamed groep tans oor kapasiteit om hul aktiwiteitsvlakke te verhoog en pogings gerig hierop is aan die gang. Die Howick Privaat Hospitaal (26 beddens) en die Tzaneen Privaat Hospitaal (100 beddens) is onderskeidelik in Augustus en September 2003 suksesvol in gebruik gestel. Die uitbreiding by Nelspruit Medi-Clinic, wat 'n harteenheid insluit, is reeds voltooi, terwyl uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic in proses is. Die omvattende opgradering van die Lamprecht Kliniek, onlangs hernoem tot George Medi-Clinic, is suksesvol voltooi. Die opgradering van Potchefstroom Medi-Clinic is byna voltooi, terwyl grootskaalse opgradering by Morningside Medi-Clinic en Sandton Medi-Clinic aan die gang is.

'n Transaksie waarvolgens 'n een derde belang in die Victoria Hospitaal (120 beddens) in Tongaat, KwaZulu-Natal bekom sal word tesame met 'n beperkte, maar beduidende bestuursooreenkoms, is aangegaan. 'n Aspek van die transaksie wat spesiale melding verg, is die goeie werksverhouding wat met die aandeelhouers geskep is wat tot voordeel van beide partye oor die langtermyn sal strek. Die Victoria Hospitaal sal ook die Medi-Clinic netwerk in KwaZulu-Natal verhoog.

Die Drakenstein dagkliniek het op 1 Julie 2003 met Paarl Medi-Clinic saamgesmelt in 'n unieke transaksie wat die ondersteunende geneeshere van beide hospitale betrek het. Die uitkoms van hierdie model sal noukeurig gemonitor word, aangesien dit 'n bloudruk vir verdere transaksies by ander hospitale in die groep mag wees.

Die nuwe omgewing waarvolgens tariefonderhandelinge op 'n individuele basis met befondsers van gesondheidsorg gevoer word, het betekenisvolle veranderinge in die industrie geskep. Medi-Clinic het die voortou geneem deur 'n unieke en deursigtige tariefstruktuur met Discovery Health te onderhandel. Verdere toevoegings tot hierdie struktuur het gelei tot die bekendstelling van 'n splinternuwe produk deur Discovery Health in vennootskap met Medi-Clinic, naamlik Medi-Clinic Priority Plus. Dit is 'n omvattende, kwaliteit produk met bydraes van 70% van vergelykbare produkte in die Discovery stal. Verdere gesprekvoering met belanghebbendes is in proses om die produk te verfyn.

Uitdagende handelstoestande het voortgeduur aangesien die land as geheel slegs geringe ekonomiese groei getoon het en mediese skema-lidmaatskap feitlik dieselfde gebly het. Die groep is dus ingenome daarmee dat 'n 1,1% toename in die beddae verkoop asook 'n gunstige mengselverandering oor die vorige periode op 'n vergelykbare basis, ondervind is.

Die periode onder oorsig is weereens gekenmerk deur sterk kontantvloei. Die groep het 122% (2002: 114%) van bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie omskep in kontant uit bedrywighede voortgebring. Kontantmiddele het verhoog van R227 miljoen op 31 Maart 2003 tot R311 miljoen, na finansiering van netto kapitaaluitgawes van R179 miljoen. Rentedraende skuld het van R179 miljoen op 31 Maart 2003 tot R238 miljoen verhoog, hoofsaaklik as gevolg van die skuld aangegaan deur die Curamed Groep met die voltooiing van die Curamed Kloof Hospitaal, wat tot 'n verswakking van die skuldverhouding van 9% tot 11% gelei het. Sterk kontantvloei bly die kwaliteit van die groep se verdienste onderstreep.

Kapitaaluitgawes vir die oorsigperiode beloop R188 miljoen (2002: R64 miljoen). Kapitaalverpligtinge (insluitend bedrae wat goedgekeur is, maar nog nie gekontrakteer is nie) beloop R339 miljoen (2002: R272 miljoen).

### VOORUITSIGTE

Die groep verwag om sy bestendige groeipatroon voort te sit.

Die fokus bly steeds om aan te pas by die behoeftes van die mark om sodoende benutting van fasiliteite te verhoog. Buiten alternatiewe vergoedingsmodelle, word risiko-verdelingsmodelle met verskeie rolspelers ondersoek. Daar word ook voortdurend gepoog om die fasiliteite en dienste binne die kernvaardighede van die groep uit te brei. Kragte soos verandering in tegnologie, verbruikersdruk en bekostigbaarheid gee gestalte aan die hospitaal van die toekoms en word voortdurend oorweeg in toekomsbeplanning.

Die groep het 'n goeie kennis van geselekteerde oorsese markte opgebou en het ook sy kennis oor potensiële markte in Afrika uitgebrei. Die groep bly daartoe verbind om aantreklike geleenthede te ondersoek.

Die plaaslike regulatoriese omgewing is feitlik in 'n konstante toestand van verandering en word noukeurig gemonitor. Die privaat hospitaal industrie was nog altyd streng gereguleer. Gekoppel aan die groep se besigheidsbenadering en waardes, word geen groot bedreiging vir die groep se besigheid voorsien nie. Nuwe wetgewing en regulasies wat betrekking het op onderafdelings van die industrie soos privaat praktisyns, apteke en mediese skemas is in die pyplyn wat die industrie oor die langer termyn mag beïnvloed. Oor die korter termyn word dit egter nie verwag om 'n wesenlike finansiële impak te hê nie.

Nuwe projekte ten bedrae van R340 miljoen is onlangs goedgekeur of is aan die gang. Die belangrikste hiervan is die uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic, sowel as grootskaalse opgraderings by Morningside Medi-Clinic en Sandton Medi-Clinic wat in die kommentaar hierbo vermeld is. Die vooruitsig is dat die totale spandering op projekte oor die volgende twee jaar ongeveer R400 miljoen sal bedra. Hierdie beleggings demonstreer die groep se vertroue in en verbintenis tot die privaathospitaalbedryf in Suid-Afrika.

### REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussentydse resultate is opgestel ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en voldoen aan die rekeningkundige standpunt RE127. Die rekeningkundige beleid toegepas, stem ooreen met dié van die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2003, behalwe vir die toepassing van RE133 wat nie 'n wesenlike uitwerking op die resultate gehad het nie.

### KAPITAALVERDELING AAN AANDEELHOUERS

Die raad van direkteure het 'n kapitaalverdeling van 11,9 sent per gewone aandeel verklaar, wat uit aandelepremie betaalbaar is.

In terme van die vereistes van STRATE, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste datum van verhandeling cum kapitaalverdeling | Vrydag, 5 Desember 2003 |
| Eerste datum van verhandeling ex kapitaalverdeling | Maandag, 8 Desember 2003 |
| Rekord datum | Vrydag, 12 Desember 2003 |
| Datum van betaling | Maandag, 15 Desember 2003 |

Vanaf Maandag, 8 Desember 2003 tot Vrydag, 12 Desember 2003, mag geen aandelesertifikate gedematerialiseer/gerematerialiseer word nie, beide datums ingesluit.

### OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

Aandeelhouers word in kennis gestel dat Medi-Clinic in samesprekings gewikkel is wat 'n wesenlike uitwerking op die aandeleprys van die maatskappy mag hê. Aandeelhouers word derhalwe aangeraai om met omsigtigheid in die maatskappy se aandele handel te dryf, tot tyd en wyl 'n verdere aankondiging gemaak word.

Geteken namens die raad van direkteure:

**E DE LA H HERTZOG**
Voorsitter
Stellenbosch, 12 November 2003

**LJ ALBERTS**
Besturende Direkteur

4637 Citigate


**DIREKTEURE:** E de la H Hertzog (Voorsitter), L J Alberts (Besturend), W E Bührmann, W P Esterhuyse, S D Hlongwane, J du T Marais, A R Martin, D P Meintjes, P J A Mphafudi, A A Raath, J G Swiegers, C I Tingle, W L van der Merwe

**SEKRETARIS:** G C Hattingh **GEREGISTREERDE ADRES:** Medi-Clinic Kantore, Strandweg, Stellenbosch 7600, Posbus 456, Stellenbosch 7599, Faks (021) 886-4037, Tel (021) 809-6500

**INTERNET:** http://www.mediclinic.co.za **E-POS:** medimail@mediclinic.co.za **BORG:** Rand Aksepbank Korporatiewe Finansiering

**OORDRAGSEKRETARISSE:** Computershare Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Posbus 61051, Marshalltown 2107, Faks (011) 688-7716, Tel (011) 370-7700